

10 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 9:26-31 (NAV)
Fokusgedeelte: Handeling 9:31

Die Heilige Gees bring groei in die kerk

Vir die kerk van die Here het daar 'n nuwe tydperk aangebreek. Die dood van Stefanus en die vervolging van die Jode onder leiding van Saulus het gemaak dat die Christene uit Jerusalem uit moes vlug. Dit het wel die gevolg gehad dat die kerk na Judea en Galilea en Samaria uitgebrei het. Maar die Heilige Gees het met Saulus se bekering 'n tydperk van rus en vrede vir die kerk laat aanbreek. Die Sanhederin het nie meer voortgegaan met die vervolging nie, moontlik omdat Saulus nie meer tot hulle beskikking was nie. Talle van die vlugteling kon terugkom en daar het weer 'n kerklike lewe ontstaan.

Die kerk het gevestig geraak, lidmate kon opgebou word in hulle geestelike lewe en so ook in gehoorsaamheid aan die Here lewe. Vers 31 wys vir ons duidelik die aandeel van die Heilige Gees daarin: "... die kerk is deur die Heilige Gees versterk." Dit is die Heilige Gees wat 'n tydperk van rus en vrede laat aanbreek, sodat die kerk innerlik versterk en opgebou kan word. Dit is die Heilige Gees wat predikers besiel het en die toehoorders tot gehoorsaamheid aan die evangelie gebring het, sodat die ledetal kon toeneem.

Ons werk baie keer hard om die kerk op te bou en te laat groei. Maar ons moet besef, menslike inspanning alleen kan nie 'n kerk laat groei nie. Ons kan dit nie sonder die Heilige Gees doen nie. Sien daarom die geleentheid raak wat die Heilige Gees daarstel. Hoe bevoorreg is ons om oor die algemeen ook 'n tydperk van rus en vrede te kan geniet. Stel jousef tot beskikking van die Heilige Gees en gebruik die geleentheid om jousef geestelik te versterk deur erediensbywoning en indringende Bybelstudie te doen. Bekwaam jousef om te kan evangeliseer en sien die geleentheid raak om die evangelie in jou omgewing uit te dra sodat die Heilige Gees ook die kerk kan laat groei.

Sing: Psalm 92:6, 7 (1936)

Ds. MAF Kruger (Alberon)